

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

Tema: Metanoia, en ander name

Skriflesing: Lukas 3:1-20

### Broodjies vir die pad

“Everyone thinks of changing the world, but no one thinks of changing himself.”

— Leo Tolstoy

“The world as we have created it is a process of our thinking. It cannot be changed without changing our thinking.”

— Albert Einstein

“There were people who went to sleep last night, poor and rich and white and black, but they will never wake again.

And those dead folks would give anything at all for just five minutes of this weather or ten minutes of plowing.

So you watch yourself about complaining.

What you're supposed to do

when you don't like a thing is change it.

If you can't change it,

change the way you think about it.”

— Maya Angelou

“When you come out of the storm, you won't be the same person who walked in. That's what this storm's all about.”

— Haruki Murakami, *Kafka on the Shore*

“I feel I change my mind all the time. And I sort of feel that's your responsibility as a person, as a human being – to constantly be updating your positions on as many things as possible. And if you don't contradict yourself on a regular basis, then you're not thinking.”

— Malcolm Gladwell

“In biblical Greek the word "repent" comes from a military term similar to the command "about face." In...sermons, repentance is all about "turning away" from sin, and certainly repentance would include an element of that. However, the deeper flavor of his word is less about turning *away* from something and more about turning *toward* something.

— Benjamin L. Corey, *Unafraid: Moving Beyond Fear-Based Faith*

“The question is not, are we sorry? The question is, what lesson have we learned? The question is what are we going to do now that we are sorry?”

— J.M. Coetzee, *Disgrace*

“How should we be able to forget those ancient myths that are at the beginning of all peoples, the myths about dragons that at the last moment turn into princesses; perhaps all the dragons of our lives are princesses who are only waiting to see us once beautiful and brave. Perhaps everything terrible is in its deepest being something helpless that wants help from us.

So you must not be frightened if a sadness rises up before you larger than any you have ever seen; if a restiveness, like light and cloudshadows, passes over your hands and over all you do. You must think that something is happening with you, that life has not forgotten you, that it holds you in its hand; it will not let you fall. Why do you want to shut out of your life any uneasiness, any miseries, or any depressions? For after all, you do not know what work these conditions are doing inside you.”

— Rainer Maria Rilke, *Letters to a Young Poet*

### ***Letters to a Young Poet***

*by Rainer Maria Rilke*

*In 1903, a student at a military academy sent some of his verses to a well-known Austrian poet, requesting an assessment of their value. The older artist, Rainer Maria Rilke (1875–1926), replied to the novice in this series of letters—an amazing archive of remarkable insights into the ideas behind Rilke's greatest poetry. The ten letters reproduced here were written during an important stage in Rilke's artistic development, and they contain many of the themes that later appeared in his best works. The poet himself afterwards stated that his letters contained part of his creative genius, making this volume essential reading for scholars, poetry lovers, and anyone with an interest in Rilke, German poetry, or the creative impulse.*

### Summing Up

IT IS SO EASY to sum up other people's lives, . . . and necessary too, of course, especially our parents' lives. It is a way of reducing their giant figures to a size we can manage, I suppose, a way of getting even maybe, of getting on, of saying goodbye. The day will come when somebody tries to sum you up the same way and also me. Tell me about old Buechner then. What was he really like? What made him tick? How did his story go? Well, you see, this happened and then that happened, and then that, and that is why he became thus and so, and why when all is said and done it is not so hard to understand why things turned out for him as they finally did. Is there any truth at all in the patterns we think we see, the explanations and insights that fall so readily from our tongues? Who knows. The main thing that leads me to believe that what I've said about my mother has at least a kind of partial truth is that I know at first hand that

it is true of the mother who lives on in me and will always be part of who I am.

— Frederick Buechner, Originally published in *Telling Secrets*

## Resensient aan Dana Snyman: 'Ons moet move, Dana'

Willem van der Berg

**In die tyd van die gif: 'n Jaar en 'n half in stories deur Dana Snyman. Uitgewer: Tafelberg. Prys: R275.**

Voordat Dana Snyman sy nuwe bundel verhale deel, gee hy eers 'n waarskuwing. 'n *Trigger warning*, skryf hy op bl. 11. "Jy dink jy weet wie ek is. Jy glo jy ken my."

Ek skuif regop, vat die boek stewiger vas, Dana wil ernstig gesels.

Hy begin verduidelik waar hy vandaan kom. Die nageslag van Christoffel Snijman, die eerste Snyman gebore in Afrika. Seun van Hans Christoffel Schnijder, 'n Duitse soldaat, en Catharina van Paliacatta, 'n slawevrou van Indiese afkoms. 'n Bruin kind wat later 'n plaas naby Franschoek gekoop het en wie se stamboomtakke oor die land heen gegroei het.

Mense wat Afrikaans gepraat het. Die taal wat uit baie tale en kulture kom, maar in Suid-Afrika gemaak is.

Wanneer jy lees "And now you want to tell me I'm a European and Afrikaans is not an indigenous language", is dit duidelik die storie is eintlik vir ander oë bedoel – vir oë wat skepties na Afrikaans en Dana se herkoms kyk.

"Everything I am is connected to Afrikaans and to Africa. Even the donkeys and the stones speak Afrikaans to me. Ek wil niet lopen. Ek is hiervandaan," verklaar hy en klink vieserig. Al kan en wil ek nie met hom stry nie, maak dié stukkie my bekommerd. Die reaksie hierop is gewoonlik: "Die stryd duur voort! Hulle sal ons nie onderkry nie!" En toe ek op Facebook gaan loer waar Dana die stuk vroeër geplaas het, sien ek daar is baie wat al weer loopgrawe aan 't grou is. Iemand het selfs 'n gedig geskryf oor "Boere" wat "battles verloor" en "die swart hart wat strewe na haat en kwaad".

Maar dan vertrek Dana gelukkig na dorpe, mense, stories, gebeure, kerke, kroë en gelowe wat die wonderlike verskeidenheid van ons land wys. En terwyl hy nog die opwinding van Wêreldbeker-glorie kan voel, probeer vrolik wees op Oujaarsaand, 'n pot *pool* teen die halfblinde Boetatjie verloor en die laaste keer op die Shosholozu Meyl ry, begin die Covid-19-pandemie 'n werklikheid word. Dit is nie 'n maklike reis met Dana-padkosbroodjies en vrolike gesigte langs agterpaaie nie. Dit is immers die tyd van die gif, soos wat John Mgaga van Saldanha dit noem. 'n Vreemde tyd. Wat nie net 'n virus uit Wuhan en maskers en *inperkings* en entstowwe na ons toe gebring het nie, maar ook meer werkloosheid, meer dwalers, baie meer vrae.

Dana doen moeite met die dinge waaroor hy wonder en probeer antwoorde soek. Daarom gaan kyk hy rugby in Rondomskrik, is hy by wanneer Koos Sas se skedel eindelik rus en vrede kry, gesels hy met 'n oudpolisieman wat by die Sharpeville-skieterij was en ry hy Amersfoort toe nadat 'n boer vermoor is. In 'n township langs Bloemfontein vertel Jemina Meko meer oor die skugter skrywer Karel Schoeman. Sy het Schoeman se aftreeoordwoonstel skoongemaak en hy het graag by haar kom kuier – met 'n kaaskoek.

"Ek verlang hom so baie, vir ou Karel. Hy was soos Mandela, soos Jesus," sê Jemina oor die man wat so baie mense aan die raai hou. Ds. Reggie Boesak verduidelik hoe dit vroeër jare gewerk het as jou ma wit, jou pa swart en jyself bruin was. Op 'n trein moes sy ma in die eerste klas gaan sit, hy en sy broers en susters in die tweede klas en sy pa in die derde klas, "op die harde banke". "Maar ek het nie bitterheid in my nie, oorniks nie. 'n Mens moet kan vergewe en versoen, anders sal jy nooit vrede hê nie."

Die bundel bevat 75 verhale, party redelik kort. Nou en dan 'n swart-en-wit foto van 'n toneel of persoon. Dit voel en lyk baie bekend. Soos 'n Bybel. Jy weet as jy 'n Dana-storie teëkom. Die aardse taalgebruik, die stemme uit vernielde plekke en mense, die sagte gesuis van die langpad, die fyn kyk na eenvoudige dinge.

Maar *In die tyd van die gif* is ook klein gebare en oë wat hier en daar effens rek of rol, sodat die stories suutjies na alles wat aan Afrikaans en aan Dana vassit, beduie. Veral 'n verlede vol absurde politieke en geloofsoortuigings. Dit kan dalk 'n klompie lesers, "liberales", laat snork-spoeg terwyl hulle die boek toeklap. Of, "verraaier", 'n ou gunsteling wat hoeka in een van die gesprekke in die boek voorkom. Daar is egter oorgenoeg nostalgiese verwysings na dinge uit die "oudae", 'n lange lys van goed wat nie meer vandag te kry is nie, 'n treinrit waarop alles en almal van wielklopper tot roepman, geelkanarie tot kameeldrol, onthou en gegroet word. "Lofpsalm" is 'n klaaglied oor korrupsie, skelm staatsamptenare en ander gierigaards. Te veel kere word daar gesê dié was 'n mooi hotel, daai was 'n kafee en nou is dit 'n wildernis. Ek erken ek is fyngvoelig vir kla en verlange na beter dae, maar by tye het Dana my nogal gedaan gehad. Dan was ek baie verlig as ek sien Kitte Honiball het vir hom 'n Please Call Me gestuur. Kitte, die swerwer, is soos 'n sluk koue pynappelbier in die tyd van die gif. Ongewoon, maar hy laat jou beter voel. En Kitte sit en sukkel nie.

"Ek wil wegkom hier, my tjom. Ek wil move. Ek's moeg vir hierdie spul armblankes."

Ek ken vir Dana beter as wat hy dink. Sy pa, " 'n APK-predikant, hoofkapelaan van die AWB en 'n vriend van Eugène Terre'Blanche op 2 Februarie 1990, toe FW de Klerk aankondig dat Nelson Mandela vrygelaat gaan word", was my pa ook. Ek weet hoe moeilik dit is om daardie swaar, konserwatiewe kettings los te maak. Ek weet hoe vreemd en alleen dit voel as jy wegstap van alles wat jy geleer is en van al die mense wat jou "naaste" was. Ek verstaan presies wanneer hy op bl. 175 besef "hoe moeilik dit is om nie 'n rassis te wees nie, dit wat jy grootgemaak is om te wees, hoe jy elke dag weer van voor af moet probeer om met suiwer oë na mense en die wêreld te kyk, dat die teenoorgestelde van liefde dalk vrees is en nie haat nie".

Maar Kitte is reg, ons moet *move*. Ons weet mos nou die treine is kapoet, Eskom sukkel en daar staan nie meer "Het u geweet?" agterop die Chappies-papiertjies nie. Ek wil ook niet lopen, maar ons moet *move*, Dana. Na apostel Jan Swartz se sinkkerkie op Brandvlei, na die Torings van Hoop, die Jobhuis, township-huise, Excelsior, na stiltes tussen swerfklippe en Namakwalandse surings. Ons moet na daai stories toe *move* waarin liefde wegkruip. Soos jy weet. Soos jy steeds doen. Dankie.

## Brood vir die pad

### Wag ons verniet in die pandemie, soos vir Godot?

*RRV*

‘Nothing to be done,’ lui die openingsreël van die Ierse skrywer en dramaturg Samuel Beckett se bekende toneelstuk *Waiting for Godot*. In Beckett se drama, in twee bedrywe, wag twee boemelaars, Vladimir en Estragon, deurgaans vir ’n sekere mnr. Godot. Maar Godot kom nie.

*Waiting for Godot* – wat Beckett in die nadraai van die Tweede Wêreldoorlog in Frans en later in Engels geskryf het – is al beskryf as ’n teaterstuk “waarin niks gebeur nie, twee keer”.

’n Opmerking van Estragon word dan ook dikwels op die stuk in sy geheel betrek: “Niks gebeur nie. Niemand kom nie, niemand gaan nie. Dit is verskriklik.”

Tog het mense oor dekades heen beleef dat Beckett se verhoogstuk, ondanks die feit dat daar vergeefs gewag word, kragtig tot hul situasie spreek – ook in tye van krisis en uitsigloosheid. In apartheid-Suid-Afrika is dit dikwels opgevoer, onder meer in die Markteater in Johannesburg. En in die somer van 1993 het die Amerikaanse skrywer, filosoof en aktivis Susan Sontag na die beleërde Sarajewo gereis om *Waiting for Godot* daar op die planke te bring, te midde van heelwat media-aandag.

In die boeiende studie *Waiting for Godot in Sarajevo, 1993* (2015), bespreek Dina Abazovic (wat in Sarajewo grootgeword het) die moeilike omstandighede waarin die drama destyds opgevoer is, asook die uitwerking daarvan op die stad.

Sontag skryf self hoe emosie haar tydens een van die opvoerings oorweldig het ná die lang stilte van Vladimir en Estragon – ’n stilte wat gevolg het op die boodskapper se aankondiging dat Godot nie vandag kom nie, maar vir seker môre. Niemand in die gehoor het ’n geluid gemaak nie; die enigste klanke was van die tenks en skote buite die teater.

Beckett se *Waiting for Godot* is dalk ook gepas vir ons ervaring van die pandemie. Ons kan verlam word deur die gevoel dat ons futiel wag vir ’n doeltreffende entstof, of vir groepsimmunititeit, of vir hulp in ons maatskaplike en ekonomiese krisis.

Tans vier Christene wêreldwyd Advent, die kerklike tyd wat met verwagting fokus op God se koms in Christus na ons wêreld.

Die wag van Advent is egter nie ’n passiewe wag sonder hoop op ’n uitkoms en toekoms nie. Dit is ook nie goedkoop optimisme nie.

Of soos Samuel Terrien na aanleiding van *Waiting for Godot* skryf: “Hope is not a manifestation of temperamental optimism. It is the miraculous obstinacy which hints, teases, and prods, and which accepts a proffered grace. It never lets go.”

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-wag-ons-verniet-in-die-pandemie-soos-vir-godot-20211204>